



- [Tuisblad](#)
- [Rubrieke](#)
 - [Bybelkarakters](#)
 - [Gebede](#)
 - [Soos ek dit sien](#)
 - [Lees die Bybel saam met my](#)
 - [Kortverhale](#)
 - [Wag op die Here!](#)
- [Preke](#)
 - [Video's en teks van my preke](#)
 - [Potgooi van die preke](#)
- [Meer oor ...](#)
 - [Jaco se Bybelkoerant](#)
 - [Die Bybelkoerant-konsep](#)
 - [Jaco Thom](#)
 - [My boeke](#)
 - [Privaatheidsbeleid](#)
 - [Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting](#)
 - [Bankbesonderhede](#)
- [Boekwinkel](#)
- Soek

Wag op die Here! 9

9. Wag met die hart

Wees sterk, en laat julle hart sterk wees, almal wat op die Here wag!

Psalms 31:25 (OAV)

Hierdie woorde is baie dieselfde as gister s'n, en daar is 'n goeie rede waarom ek dit gekies het: om jou te laat besef dat dit met jou hart is wat jy op God moet wag. Laat julle hart sterk wees. Jou wag hang af van hoe jou hart is. Want jy kan nie dieper in God se heilige teenwoordigheid ingaan as wat jou hart deur die werk van die Heilige Gees jou toelaat nie.

Jy mag dink dis tog vanselfsprekend, maar dit is ongelukkig so dat baie Christene nie besef hoe groot die verskil is tussen die godsdiens van die verstand en die godsdiens van die hart nie. Hulle doen meer moeite met die godsdiens van die verstand, terwyl dit juis die hart is wat jou geloofslewe veerkrag gee.

Salomo se woorde in Spreuke 3:5 help ons om dit te verstaan: Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie (OAV). Jou verstand moet die kennis uit God se Woord versamel en die voedsel vir die hart voorberei. Maar as jy op jou eie insig in die goddelike sake staatmaak, jy kan vassteek by verstandskennis. Dit is nie genoeg nie. Dit is met jou hart wat jy glo en met God in aanraking kom (Romeine 10:10). Dit is waar die Heilige Gees in jou woon en werk. Daarom is dit jou hart wat moet vertrou en liefhê en aanbid en gehoorsaam. Jou verstand kan nie die geestelike lewe in jou in stand hou nie. Jou hart moet op God wag om dit in jou te werk.

Jou verstand kan vir jou sê wat in God se Woord staan, maar dit kan nie jou siel voed met die Brood van die Lewe nie; net die hart kan dit doen deur geloof en vertroue in God. Daarom moet jy jou hart oopmaak voor God en die lewende gemeenskap met Hom opsoek. Skenk jou hart aan Hom as die wonderlike deel van die geestelike natuur waarin God Homself openbaar en waardeer jy Hom kan ken. Kweek die grootste vertroue dat God in jou hart werk deur sy Gees. Laat jou hart by tye in algehele stilte wag sodat God in sy diep verborgenheid kan werk. Wag op die Here!

Onlangse Bydraes

- [Gebed vir vroue en almal wat deur geslagsgeweld geraak word](#)
- [Eliëser](#)
- [Gebed oor misdaad en geweld](#)
- [Job se vrou, wat haar man in die steek gelaat het toe hy haar die nodigste gehad het](#)
- [Joh 4:1-30 Jesus kan ook jǃu dors les](#)

Argief

Argief ▼

- [Lees die Bybel saam met my](#)
- [Soos ek dit sien](#)
- [Preke](#)
- [Gebede](#)
- [Kortverhale](#)

- [Facebook](#)
- [X](#)